



Verwysing: 20170110-7139
13/10/1/2
Navrae: MG. Cameron

Assesseringsbestuursminuut: 0001/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal; Hoofdirekteure; Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore); Adjunkdirekteure; Hoofonderwyskundiges; Bestuurders: Kurrikulumondersteuning; Vakadviseurs; Kringbestuurders; Bestuurders: Strategiese Inligting, Beheer en Mensbestuur; Adjunk-hoofonderwyskundiges; Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat- en Onderwys en Opleiding vir Volwassenes Vlak 4-eksamens voorberei

Onderwerp: Hernasien, herkontroleer en besigtiging van skrifte: 2016 Nasionale Senior Sertifikaat, Februarie/Maart 2017 Aanvullend, Senior Sertifikaat Junie 2017 en BOOV Vlak 4-eksamens

1. U word hiermee in kennis gestel dat die vorms vir die hernasien, herkontrolering en besigtiging van skrifte verkry kan word op die WKOD se webtuiste (<http://wcedonline.pgwc.gov.za>). Betalings kan elektronies gedoen word deur middel van 'n EFO-oordrag. Die bewys van betaling, asook die voltooide dokumente moet gestuur word aan: Exam.Marking@westerncape.gov.za vir aandag Mnr Mark Cameron

2. HERNASIE VAN SKRIFTE

Kandidate se skrifte kan in die volgende gevalle hernagesien word:

2.1 Kandidate wat in een of meer vakke in die Nasionale Senior Sertifikaat-/BOOV-vlak 4 en Senior Sertifikaat-eksamen gedruip het, kan sy of haar skrif(te) in daardie vak(ke) laat hernasien.

2.2 'n Kandidaat wat in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen geslaag het, maar in een of meer vakke nie die standaard wat vir 'n besondere doel vereis word, bereik het nie, (byvoorbeeld matrikulasievrystelling, 'n beurs of die spesifieke vereistes van 'n tersiêre inrigting), kan, met die goedkeuring van die Departement, sy of haar skrif(te) laat hernasien. Die REDE vir die hernasien moet skriftelik op 'n afsonderlike bladsy verskaf word en die aansoek vergesel.

Aansoeke wat nie deur die bogenoemde vergesel word nie, sal nie oorweeg word nie. (Let daarop dat die Departement bereid is om toe te laat dat skrifte hernagesien word in 'n vak waarin 'n kandidaat nie 40 % behaal het nie, alleenlik vir die doel van matrikulasië-endossement en/of waar 'n beurs op die spel is).

- 2.3 AANSOEKE OM HERNASIE VAN SKRIFTE TESAME MET DIE VOORGESKREWE BEDRAG VAN R92.00 MOET DIE DEPARTEMENT BEREIK VOOR OF OP DIE SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE. GEEN AANSOEK OM HERNASIE VAN SKRIFTE SAL OORWEEG WORD TENSY DIE VOORGESKREWE BEDRAG DIE AANSOEK BINNE DIE GENOEMDE TYDPERK VERGESEL NIE.
- 2.4 Die sluitingsdatum vir aansoeke om die hernasie van die November 2016 eksamenskrifte is 19 Januarie 2017.
- 2.5 Elke kandidaat sal van die uitslag van die hernasie van sy of haar skrifte in kennis gestel word voor 31 Maart 2017.

3. HERKONTROLERING VAN SKRIFTE

- 3.1 Kandidate mag aansoek doen dat hulle skrifte weer gekontroleer word ten einde te verseker dat alle antwoorde nagesien en die punte korrek opgetel en geprosesseer is.
- 3.2 'n Aansoek om skrifte te laat herkontroleer, moet gedoen word binne veertien (14) dae na die bekendmaking van die amptelike uitslae. Die bedrag is R21.00 per vak en is nie terugbetaalbaar nie.
- 3.3 Applikante sal per brief in kennis gestel word van die herkontrolering van die skrifte. Waar van toepassing, sal 'n gewysigde uitslagadvies uitgereik word.

4. BESIGTING VAN SKRIFTE

- 4.1 Kandidate mag hul skrifte teen R180.00 per vak besigtig indien hulle nie tevrede is met die uitslag van die hernasie en herkontrolering nie. Die bedrag is nie terugbetaalbaar nie.
- 4.2 'n Skriftelike motivering, wat duidelike rede (s) verskaf vir die versoek, moet by die Hoof van Onderwys ingedien word binne veertien (14) dae na amptelike bekendmaking van die hernasie uitslae. Geen aansoek sal daarna oorweeg word nie.
- 4.3 'n Kandidaat en/of sy haar ouer(s) of voog sal toegelaat word om die betrokke skrif(te) te besigtig en kan binne 'n tydperk van sewe (7) dae aansoek doen, indien hy/sy nog ontevrede is met sy/haar uitslae. Die Departement sal daarna 'n finale besluit oor die uitslag neem.

5. TERUGBETALING TEN OPSIGTE VAN HERNASIEN

- 5.1 Koste aangegaan vir die hernasien van enige vak sal terugbetaal word indien die kandidaat as gevolg van die hernasien:
- (a) 'n vak of vakke slaag waarin hy of sy aanvanklik gedruip het; of
 - (b) punte toegeken is wat die uitslag van 'n vak met minstens een vlak verbeter.
- 5.2 Terugbetaling van die hernasiengeld sal eers plaasvind na die hernasienproses van alle vakke voltooi is.
- 5.3 Dit is dus belangrik dat die kwitansie wat uitgereik is vir die betaling van die hernasiengeld op 'n veilige plek bewaar word.
- 5.4 Waar 'n terugbetaling nodig is, word 'n oorspronklike **BAS**-vorm vereis wat vanaf die WKOD se webtuiste afgelaai kan word, en moet dan aan die Departement gestuur word vir verwerking.

6. AANSOEKE

- 6.1 Aansoek om hernasien of herkontrolering moet op die voorgeskrewe aansoekvorm gedoen word. Afsonderlike vorms moet vir die herkontrolering en hernasien van eksamenskrifte ingedien word. Aansoeke mag ingedien word by die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se Hoofkantoor (Kliëntediensafdeling, 2de vloer) of per epos getuur word aan Exam.Marking@westerncape.gov.za

Indien dokumente gepos word moet die volgende adres gebruik word:

Hoof: Onderwys

Aandag: Mnr Mark Cameron

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Privaatsak X9114

KAAPSTAD

8000

- 6.2 Gelde vir hernasien, herkontrolering en besigtiging kan direk in die Departement se bankrekening inbetaal word (sien besonderhede regs bo op die aansoekvorm).

7. NAVRAE

Vorms kan aangevra word by die volgende kontaknommers en adresse. Dit kan ook van die WKOD se webtuiste afgelaai word.

(021) 467 2952 : N. Kanase

(021) 467 2459 : K. Darvel

(021) 467 2591 : C.Theunissen

Webadres: <http://wced.wcape.gov.za/circulars/index>

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2017-01-17